Sondag 7 Augustus 2022 - Prof Naas Ferreira

## Liturgie:

Voorafsang: Lied 159:1, 2 en 3 (God is hier teenwoordig)
Votum & Seëngroet
Psalm 146: 1 en 4
Geloofsbelydenis: Skrifberyming 12:2. Lees verse 1, 2 en 3. Sing: Verse 4 en 5
Wet van God: Levitikus 19: 1-4; 9-18; 30-37
Lied 151: 1 en 2
Gebed
Skriflesing: Handelinge 1: 12-26 (83 AV)
Kernverse: Efesiërs 2: 20-22
Tema: Dit gaan nie oor hoe NABY jy is nie, maar oor HOE jy naby is.
Preek
Gebed
Psalm 40: 2 en 4
Wegstuurseën
Sing Amen
Afkondigings

## Preekskets:

**Tema: Dit gaan nie oor hoe NABY jy is nie, maar oor HOE jy naby is!**

**<u>Inleiding</u>**

Vandag gaan ons nie (soos baie mense doen) by hierdie Skrifgedeelte verby blaai nie. Die fondament van die Nuwe Testamentiese Kerk word hier verduidelik. Ons wat as 'lewende stene' op hierdie fondament gebou word, moet bewus wees van wat hier verduidelik word.

1. Judas Iskariot was baie NABY, maar duidelik op die 'verkeerde manier'. Hy kan daarom nie deel vorm van die fondament van die kerk van Jesus Christus nie. Hy sterf soos hy geleef het – vir homself. Dit gaan duidelik nie oor hoe NABY jy is nie.
2. Matthias – die nuwe apostel wat deur God (in Judas se plek) aangewys word 'raak eintlik in die geskiedenis weg' (soos die meeste van die ander apostels). Hoekom? Dit gaan oor die HOE van die apostels se nabyheid. Juis hierin moet ons leer hoe ons as boustene deel van die kerk van Jesus Christus moet wees.

Voordat die Heilige Gees in Handelinge 2 uitgestort is, is die fondament van Jesus Christus se kerk gevestig. Die fondament bepaal die verdere bouwerk. Ons eie kerklike betrokkenheid as God se boustene moet hierdie fondament waardig wees. Hierdie paar verse (waarby gewoonlik verby geblaai word) bevat 'n baie ernstige waarskuwing, maar ook 'n baie mooi verduideliking oor ons eie bousteen-wees van Jesus Christus se kerk.

HOE is jy naby?